# Werkers 'betaal' vir staking

› Henriette Lamprecht

**Geld word volgens 'n ooreenkoms van lede van die vakbonde vir staatsdienswerkers (Napwu) en die Nasionale Onderwysersunie (Nantu) se salarisse afgetrek wat verlede jaar aan 'n staking by die Universiteit van Namibië (Unam) deelgeneem het.**

Die stakende werkers het gevra vir 'n salarisverhoging van 6% terugwerkend vanaf Januarie verlede jaar. Unam en Nantu het sedert die begin van 2018 oor 'n salarisverhoging onderhandel. Aanvanklik is 6% glo deur Unam aangebied, maar die regering se was begroting slegs genoeg om salarisse mee te betaal. Kapitaalprojekte is toe gestaak en die aanvanklike aanbod teruggetrek.

Volgens 'n ooreenkoms wat op 12 November verlede jaar tussen die betrokke partye onderteken is, het Unam ingestem tot 'n eenmalige kontantbetaling op 14 Desember 2018 gelykstaande aan 5% van sewe maande se basiese salaris, betaalbaar aan alle personeel in die bemiddelingseenheid en wat steeds tydens die ondertekening van die ooreenkoms in diens van Unam was.

## VERHOGING

Die partye het voorts ooreengekom om 'n salarisverhoging vir die universiteit se 2018-boekjaar te laat vaar. Die ooreenkoms stipuleer voorts 'n 6%-salarisverhoging van ingang 1 Januarie 2019 vir alle personeel wat deel van die bemiddelingseenheid is.

Met verwysing na die geen werk, geen betaling-beginsel bepaal die ooreenkoms dat dit teen die koers van 'n basiese salaris afgetrek sal word en reeds vanaf Desember verlede jaar in werking tree. Vyftig present van die dae wat gestaak is, is omgeskakel in verlofdae. Wat betref die oorblywende 50% word vyf gelyke maandelike aftrekkings gedoen by dié werkers wat vir 11 dae of meer aan die staking deelgeneem het. Vir dié werkers wat vir 11 dae en minder gestaak het, word die dae wat hulle aan die staking deelgeneem het in drie gelyke maandelikse paaiemente van hul salarisse verhaal.

Die beswaarde werkers het op 13 November na hul onderskeie poste teruggekeer.



**Die Universiteit van Namibië.** FOTO ARGIEF